# NUUSBRIEF

September 2024.

Beste Suiderstranders,

Na 'n paar woeste wintermaande, sien ons uit na die aangename somermaande waarin ons, ons opnuut kan beywer vir Suiderstrand en sy mense. Baie dankie vir u voortgesette ondersteuning en belangstelling. Ons bly daarvan oortuig dat Suiderstrand is 'n besondere en unieke plek - een van die min gemeenskappe wat deur 'n Nasioanele Park omring word. Dit is 'n plek waar jy nog die sterre baie helder kan sien en waar die diere, plante en see deel is van jou daaglikse bestaan. Die vereniging wil graag hierdie besondere erfenis saam met ons lede en inwoners bewaar en uitbou.

## Brandvoorkoming

Deur ons brandbeskermingsbeampte, Schalk van der Merwe se bemiddeling is nege nuwe waterkoppelings deur KAM geinstalleer en is die bestaande 18 koppelings opgegradeer. Dit beteken dat daar nou 27 waterkoppelings diensbaar gemaak is en gebruik kan word om water te trek wanneer dit nodig is om brande te beveg. Die brandwaentjie word in 'n goeie werkende toestand gehou en dikwels getoets.

## Logo/Embleem en Inligtingsborde -

Die logo is met groot en entoesiastiese betrokkenheid van die gemeenskap ontwerp en goedgekeur. Goedkeuring is ook by die Nasionale Parkeraad ontvang om "Pietie se Huisie" as deel van die logo te gebruik.

Die vereniging is van voornemens om 'n nuwe naambord op te rig by die ingang, nuwe kennisgewingborde op te rig by die parkeerterrein, die ingang tot die see en ander areas. Die doel van die borde is om veiligheidsaksies te beklemtoon en om die gemeenskap en besoekers te herinner aan die besondere aard van Suiderstrand en ons verpligting om dit in stand te hou. Ons is tans in samespreking met KAM vir hulle toestemming. Daarna sal van die voorstelle aan die gemeenskap voorgele word.

Daar is kostes aan hierdie inisiatief gekoppel. Ons sal na goedkeuring van KAM 'n uiteensetting aan almal stuur, in terme van die kostes. - met die doel dat ons graag donasies hiervoor sal ontvang.

**Bewaring** - Daar is by verskeie geleenthede indringer plante uitgeroei en die strand is skoongemaak. Daar is ook advies en inligting oor inheemse plante aan Suiderstranders oorgedra. Die vereniging het voorleggings aan KAM gemaak oor n hersiene plotskoonmaak-beleid. Volgens die nuutste inligting is die voorstelle geinkorporeer in die nuwe beleid.

Die vereniging oorweeg om sy eie Bewaringsbestuursplan op te stel in samewerking met betrokkenes by KAM.

Ons hoop om indien die weer dit toelaat en dit nie met ander soortgelyke aksies bots nie, elke 2de Saterdag van die maand vir die verwydering van indringerpollante en die 3de Saterdag van die maand vir strandskoonmaak te gebruik.

**Gemeenskapsmark-** Die gemeenskapsmark is gehou op elke 1ste Saterdag van die maand indien die weer dit toelaat. Daar is n groeiende belangstelling in die mark deur besoekers en uitstallers. Dit sal waardeer word as u hierdie inisiatief verder sal ondersteun.

**Die Suiderstrander**- Drie uitgawes van hierdie publikasie het reeds die lig gesien. Die 1ste een in April 2024 het gehandel oor Indringer plante; die 2de een in Mei oor Blombos en inheemse tuinmaak en die 3de een in Junie oor die Tobies van Suiderstrand. Ons kan nie anders as om vir Anita Joubert-Bagshaw te bedank vir die inisiatief wat sy aan die dag le met hierdie interessante en relevante publikasie nie. Kontak haar gerus indien jul meer wil weet.

**Spoedwalle en Waterkeerwalle** - KAM is tans in die proses om bogenoemde op te rig.

**Sake waaraan die komitee tans aandag skenk**:

- Verwelkomingspakket vir nuwe eienaars- Aangesien hierdie pakkie belangrike inligting gaan bevat oor ons omgewing en bewaring daarvan is alle inwoners welkom om dit aan te vra.
- Vlermuishuise- ons is tans besig om na verskillende huisies te kyk en kostes te bekom – enige innligting ivb hiermee is welkom.
- Vereniging se webblad- ons is tans besig om ons webblad uit te brei.
- Facebook blad- Ons beoog om ons Facebook blad teen einde Oktober 2024 aan u bekend te stel.
- Parkeerarea- Ons is tans besig met onderhandlinge met KAM vir houtpaaltjies waar klippe tans gepak is- besoekers aan die parkeerarea, parkeer hul voertuie al meer in die fynbos en duin in en strooi rommel uit hul bakkies se bakareas in die fynbos, agter die duin in – die paaltjies sal baie help hiermee. Dankie aan al die dames van Suiderstrand wat vir ‘n tydelike oplossing klippe aangery en gepak het.

**Finansies en Lidmaatskap**- Met die finansiele jaar wat aan die einde van Augustus elke jaar verstryk, is lidmaatskappgelde nou weer betaalbaar. Lidmaatskap gelde sal onderveranderd bly **– R150 per jaar**. Betaal asseblief u lidmaatskapgelde direk in ons bankrekening – sien besonderhede onderaan nuusbrief. Die vereniging se bates staan tans op ongeveer R51 900. (R30 990 is vaste bates in die vorm van die brandwaentjie en sy toebehore)

.Algemene Jaarvergadering.

Vergadering word beplan vir Woensdag 18 Desember om 10h00

Ons moedig u aan om dit asseblief by te woon.

Skakel gerus ons komitee lede vir enige navrae of voorstelle vir ons omgewing:

1. Danie Schutte – Voorsitter - 083 272 0113
2. Gawie du Toit – Onder Voorsitter - 076 124 4830
3. Derik Duvenhage – Sekretaris - 082 903 7047
4. Schalk Van der Merwe – Brandvoorkomings Beampte - 0824607500
5. Matilda Bester – Bemarking en Kommunikasie - 083 423 0829
6. Anita Bagshaw – Bewaring en Gemeenskapmark - 082 556 4514
7. Louis Lourens – Tesourie - 082 853 1758
8. Geoff Nichols – Bewaring - 083 628 3945
9. Gerrit Posthumus – Inligting - 083 376 7674

Noodnommers:

- Polisie: 028 514 7501 / 082 522 2568
- Ambulans: 101 77 / (028) 212 9111
- Struisbaai Kliniek: 028 435 7548
- Dokters: 027 341 1434
- Provinsiale Hospitaal (Bredasdorp): 028 424 1167
- Seeredding / Seedierredding: 028 435 7777 / 087 094 9774
- ER24: 084 124
- Netcare 911: 082 911
- Brandweer (Bredasdorp): (028) 425 1690
- Life Line: 086 132 2322
- Slange/Skerpione/Spinnekoppe Byt-nood: 021 931 6129
- Mobiele telefoon noodnommer: 112
- Suid Afrikaanse Toerisme hulplyn: 083 123 6789
- Arrive Alive Inbelsentrum: 0861 400 80

## LIDMAATSKAP FOOIE & DONASIES

REKENING NAAM: SCCFPA | BANK: STANDARD BANK, BREDASDORP | REKENING NR: 10215751815
VERWYSING: ERF NOMMER | TESOURIER: LOUIS LOURENS - carmen@jacage.com | +27 (0) 82 853 1758